

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 4

22 Januarie 2023



Die Koning, Die Verlosser, Die Saligmaker

Lees: Joh 18:28-40

“Dit is soos U sê: Ek is ‘n Koning...”(v 37)

As Pilatus maar geweet het watter koning voor hom gestaan het, sou hy sekerlik anders geoordeel het. Die Mens, Jesus Christus, was ‘n heel besondere koning.

Hy het uit die hemel neergedaal. Daar was Hy by die Vader. Sy koningskap is nie van hierdie wêreld nie. Daarom loop Hy die pad totaal anders. Hy aanvaar ten volle die wil van Sy Vader wat in die hemel is.

Aan hierdie Koning is alle mag gegee. Daarom kon Hy sy lewe self aflê en dit ook self opneem. Dit het Pilatus nie geweet nie. Vir hom was Jesus maar net ‘n doodgewone mens, nie ‘n God met ‘n misie vir die heil van die hele mensdom nie. As Pilatus dit maar geweet het...

Hierdie Koning Jesus sou Pilatus se naam vir alle eeue in die Christelike kerk indra. Tot vandag toe bely ons die lyding van Jesus onder Pontius Pilatus, dat Hy gely het vir die sonde van die hele wêreld – ook vir my sonde en joune!

**Ek sien die Here loop
met die swaar houtkruis
op die via dolorosa.**

**Daar is bloed in Sy wonde
waar Hy gefolter is.**

**Netnoumaar sal Hy self aan daardie kruis
die lewe neerlê
om dit weer op te neem
vir elke sondaarmens.**

**Vir my..
vir jou.**

Dankie!

- **Vir ons Verlosser, Saligmaker, Geneser, Koning, Bevryder, Ewige Vader, Vredevors, Sterke God...dat ons net Sy Naam mag aanroep! Wat ‘n voorreg!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug, skole wat geopen het – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Lola Vijoer
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Ria Putter
- Jaco Steenkamp
- Oom Hannes Loots
- Tannie Marinda Jordaan
- Lilian van Zyl
- Ina van der Merwe
- Annika Killian
- Wally Fourie
- Oom Eberhard Carshagen
- Jeanette Mostert
- Heleen J van Vuuren
- Louis Strauss
- Adolf Wolmarans
- Stefaans du Plessis

Gedagte vir die week

**Sy Naam is bo elke ander Naam...
Laat ons Sy Naam verhoog en loof!**

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org